Hoe om sommetjies te maak – skeie en jukke

Graad R tot 12

Dit is belangrik dat Voortrekkers sal verstaan watter kleur skei en/of juk vir ’n bepaalde aantal diensjare op die erkenningsbaadjie gedra moet word. Speel die speletjie "Kom ons maak sommetjies" sodat hulle kan oefen watter kleur skeie en jukke verteenwoordig ’n aantal diensjare. Vir graad R- tot 2-Voortrekkers is daar ook ’n maklike speletjie om 1 tot 4 diensjare se kleure te onthou.

Onderwerpe: Kleurstelsel van Die Voortrekkers, diensjare

Stappe

1. **Hoeveel diensjare het jy?**

   Die Voortrekkers se kleurstelsel werk as volg:

   - 1 jaar: oranje skei
   - 2 jaar: groen skei
   - 3 jaar: blou skei
   - 4 jaar: rooi skei
   - 5 jaar: oranje juk
   - 10 jaar: groen juk
   - 15 jaar: blou juk
   - 20 jaar: rooi juk
   - 25 jaar: silwer juk
   - 30 jaar: goue juk

   Vir langer as 34 jaar, is dit ’n goue juk met verskillende kleure lourierkranse.

2. **Watter kleur skei en/of juk verteenwoordig ’n aantal diensjare?**

   Vir minder as 5 diensjare is dit ’n skei met ’n bepaalde kleur. Vir 5 diensjare is dit ’n oranje juk. Vir meer as 5 diensjare is dit ’n kombinasie van ’n skei en juk. Soos 8 diensjare is ’n oranje juk (5) en blou skei (3), 5 + 3 = 8. Vir veelvoude van 5 is dit net ’n kleur juk.

Stappe

3. **Kom ons kyk na ’n paar voorbeelde:**
   - 1 jaar: oranje skei
   - 6 jaar: oranje juk en oranje skei (5 + 1 = 6)
   - 9 jaar: oranje juk en rooi skei (5 + 4 = 9)
   - 17 jaar: blou juk en groen skei (15 + 2 = 17)
   - 23 jaar: rooi juk en blou skei (20 + 3 = 23)
   - 25 jaar: silwerjuk
   - 32 jaar: goue juk en groen skei (30 + 2 = 32)

3. **Speletjie: Kom ons maak sommetjies!**
   Druk die kaartjies uit. Koop die plakkers (bladsy 6) by die Voriemôl of druk en sny uit. Laat spanlede die kaartjies met die regte skeie en jukke vir die diensjare aandui. Daar is ses verskillende kaartjies.
4. **Speletjie: Kleurstelsel van Die Voortrekkers**
   Hierdie speletjie is geskik vir Graad R- tot 2-Voortrekkers. Plaas net die regte kleur "kenteken" in die ovaal-sirkeltjie. (Die stelletjie met kentekens is by die Voriemôl te koop.)
   Gebruik enige iets as plaasvervanger vir die kenteken. Kleure moet net die kleurstelsel van die Voortrekkers verteenwoordig – oranje, groen, blou en rooi.



Wenke

1. Gebruik enige iets as plaasvervanger vir die plakkers – lekkers, knopies of voorwerpe. Jy het net die verskillende kleure van Die Voortrekkers (oranje, groen, blou, rooi, silwer en goud) nodig. Daar moet ook ’n verskil tussen jukke en skeie wees.